**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer: A40/13

In die saak tussen:-

**JOHAN HENDRIK PRINSLOO** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK DEUR:** KRUGER, R

---

**AANGEHOOR OP:** 10 APRIL 2013

---

**GELEWER OP:** 18 APRIL 2013

---

[1] Hierdie is 'n borg appèl. Appellant is beskuldigde 3 in 'n saak waarin vier beskuldigdes teregstaan op klagtes van (1) Hoogverraad en (2) Sameswering om terroriste-aktiwiteite te onderneem soos bedoel in artikels 2 en 14 van die Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aangeleenthede, 33 van 2004. Dit is nie in geskil dat die tweede klagte onder Bylae 6 van die Strafproseswet 51 van 1977 val nie. Dus moes appellant getuienis aanbied wat die hof oortuig dat daar buitengewone omstandighede bestaan wat sy vrylating in die belang van

geregtigheid veroorloof (artikel 60(11)(a) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977). Die eerste klagte, Hoogverraad, ressorteer onder Bylae 5 wat 'n ligter las oplê. Hierdie saak is gevoer op die basis van die vereistes van Bylae 6 soos in artikel 60(11)(a) verwoord.

[2] Appellant is op 16 Desember 2012 gearresteer en sy aansoek om borgtog is op 23 Januarie 2013 deur die landdros afgewys. Slegs beskuldigde 4, Boonzaaier, het borg gekry. Die borg appèl van beskuldigde 2, Keevy, is op 25 Maart 2013 deur Daffue R aangehoor en op 2 April 2013 afgewys.

[3] Artikel 65 van die Strafproseswet handel met appèl na 'n hoër hof ten opsigte van borgtog. Artikel 65(4) bepaal dat die hof wat die appèl aanhoor nie die beslissing van die laer hof tersyde stel nie, tensy die hof oortuig is dat die beslissing verkeerd is. Artikel 65(4) moet gelees word in samehang met artikel 97 van die herroepe Strafproseswet 56 van 1955. Onder artikel 97 was daar 'n appèl in die wye sin, wat 'n totale herverhoor en herbeoordeling oor die meriete behels het, met of sonder bykomende inligting (**<u>S v Mohamed</u>** 1977

(2) SA 531 (A) te 538 D – H). Die rede was omdat gemeen is dat die beskuldigde geregtig was op ‘n tweede, vars en onafkhanklike opinie van die Hooggeregshof, voordat sy vryheid ingeperk word in afwagting van die bepaling van sy skuld of onskuld (**S v Mohamed**, *supra*, 539 A). In **S v Mohamed** verwys appèlregter Trollip na ‘n tweede tipe appèl te 538 E – F:

> “(ii) An appeal in the well-known narrow, technical sense; that is, a re-hearing on the merits, but one that is limited to the information on which the magistrate's decision was given, and in which the only issue to determine is whether that decision was right or wrong;”

Onder die 1977 Strafproseswet het die wetgewer landdroste wye bevoegdheid gegee om borg toe te staan en artikel 65(4) bepaal daarom dat die Hooggeregshof slegs met die landdros se bevinding kan inmeng as die Hooggeregshof tevrede is dat die landdros se beslissing verkeerd was (**South African Criminal Law and Procedure** Volume V deur Lansdown en Campbell (1982) op 333). Die vraag by ‘n borg appèl is of the landdros verkeerd was (**S v Barber** 1979 (4) SA 218 (D) te 220E-F). Artikel 65(4) plaas nie ‘n

swaarder las op ‘n appellant as wat hy by ander strafappèlle het nie. (Van den Berg, **Bail** (3de Uitgawe) (2012) te 233.) Van den Berg se aanhaling op bl 232 verwys na ‘n appèl in die wye sin, soos bestaan het onder die herroepe 1955 Strafproseswet. Artikel 65(4) maak duidelik dat ‘n borg appèl ‘n appèl in die eng sin is, soos omskryf in **Mohamed** se saak hierbo.

[4] Die borgaansoek is gevoer op die basis van eedsverklarings deur die appellant en die ander beskuldigdes en die ondersoekbeampte. Geen *viva voce* getuienis is gelewer nie. Die volgende eedsverklarings is geliasseer, (afgesien van verklarings van beskuldigdes 1, 2 en 4):

(i) J Prinsloo (Beskuldigde 3, appellant) 8 Januarie 2013

(ii) Kaptein Laux (ondersoekbeampte)

(iii) J Prinsloo (Beskuldigde 3, appellant) 11 Januarie 2013

(iv) Kaptein Laux 11 Januarie 2013.

[5] Borgverrigtinge is eiesoortig en die verklarings kan nie beoordeel word soos stukke in mosie-verrigtinge nie. Reëls oor bewyslas en toelaatbaarheid van getuienis is anders in borgverrigtinge as by verhore: hier het die appellant ‘n

bewyslas onder artikel 60(11)(a), hoorsê getuienis is toelaatbaar (Van den Berg 114 – 115; **S v Maki en Andere (1)** 1994 (2) SASV 630 (OK) te 635d – g); opinie-getuienis (spesifiek van die ondersoekbeampte) is toelaatbaar (**S v Joone** 1973 (1) SA 841 (K) te 847A-B; Van der Berg 116 – 117). Die feit dat bewerings deur 'n applikant om borg in 'n eedsverklaring nie teengespreek word nie, bewys nie daardie bewerings nie. Die bewyslas bly op die applikant (**Yvonne Beetge v The State** (925/12) [2013] ZASCA 1 (11 Februarie 2013).

[6] Namens appellant betoog Mnr Nel dat die basiese beginsel van borg die beskerming van persoonlike vryheid is. Die vraag is of die belang van geregtigheid veroorloof dat appellant vrygelaat word op borg. Die sentrale vraag is of die appellant sy verhoor sal staan. Die skuld van die appellant is 'n faktor, maar nie deurslaggewend nie. Mnr Nel voer aan dat die landdros bevind het dat die appellant 'n vlug-risiko is, dat die belange van geregtigheid nie gedien sou word deur sy vrylating op borg nie, dat die openbare belang benadeel sou word en die openbare veiligheid bedreig sou word as die appellant op borg vrygelaat word.

[7] Mnr Nel betoog dat appellant se persoonlike omstandighede, gesien saam met sy mediese toestand, genoegsame gronde daarstel om hom op borg vry te laat. Mnr Nel lê klem op die volgende persoonlike omstandighede:

(i) Appellant is die eienaar van twee woonhuise en plase waarvan die waarde substansieel is.

(ii) Appellant het groot sake-bedrywighede naamlik belange in 10 maatskappye.

(iii) Daar is 70 mense in diens in appellant se besighede.

(v) Appellant het sterk familiebande, ook getroude kinders met kleinkinders op pad.

[9] Wat die bewering betref dat appellant bande met Duitsers en Franse het, sê Mnr Nel dat die bande op sigself nie voldoende is om borg te verhinder nie, die hof moet bevind dat dit waarskynlik is dat die risiko van ontvlugting sal plaasvind. (Kyk **S v Dlamini; S v Dladla and Others; S v Joubert; S v Schietekat** 1999 (2) SASV 51 (KH) par [53].) Wat appellant se mediese toestand betref, sê Mnr Nel dat appellant reeds twee beroertes gehad het en sewe maande in 'n rolstoel was. Verder ly hy aan slaap apnee en moet hulpmiddels gebruik as hy slaap, anders kan hy doodgaan.

Mnr Nel sê die infrastruktuur van die Departement van korrektiewe Dienste is nie voldoende om na appellant se mediese toestand om te sien nie. In antwoord op die mediese aspekte van die betoog, wys Mnr Abrahams, vir die Staat, daarop dat appellant geen stawing gee of enige mediese getuienis nie en dat daar geen getuienis is dat appellant nie in die gevangenis die nodige behandeling kan kry nie. In die uitspraak in die borg appèl van beskuldigde 2, Keevy in hierdie saak, gegee deur my ampsbroer Daffue, word bevind dat die beweerde mediese toestand, sonder getuienis van ‘n mediese praktisyn, onvoldoende is om buitengewone omstandighede daar te stel (par [21]); **S v van Wyk** 2005 (1) SASV 41 (HHA) par [9]).

[10] Wat die persoonlike omstandighede betref, sê Mnr Abrahams dat daar niks buitengewoon aan appellant se persoonlike omstandighede is nie (**S v Scott-Crossley** 2007 (2) SASV 470 (HHA) par [12]). Appellant se gesinslede kan sy besigheidsbelange hanteer. Daar is geen getuienis dat appellant se besigheidsbelange skade gely het deur sy aanhouding nie.

[11] Wat die meriete betref, verwys Mnr Nel na ‘n aantal passasies in die eedsverklaring van beskuldigde 4, waarin sekere bewerings wat deur Kaptein Laux gemaak word, ontken word, en in sy verdere eedsverklaring spreek Kaptein Laux nie daardie ontkennings aan nie.

[12] Soos reeds hierbo genoem, is borgverrigtinge eiesoortig en die beginsel by mosie-verrigtinge dat waarde geheg word aan ontstentenis van ‘n ontkenning in repliek van ‘n bewering in ‘n antwoordende eedsverklaring, kan nie sonder meer hier toepassing vind nie. Hierdie is nie ‘n verhoor op eedsverklarings nie. Dit is nie die taak van die borghof om ‘n voorlopige bevinding van skuld in te bring nie (**S v van Wyk** (*supra*) par [6]). Die borgverhoor is nie ‘n kleedrepetisie nie (**S v Scott-Crossley** (*supra*) par [7]). Na my mening is die hoofoogmerk van die ondersoek na die sterkte van die staatsaak soos bedoel in artikel 60(6)(g) na die situasie waar die staatsaak ooglopend so swak is dat dit onbillik sou wees om die beskuldigde in aanhouding te laat bly in afwagting van die verhoor. Mens kan tog nie werk met “relatiewe” sterkte van die staatsaak, want dit impliseer dan “relatiewe” duur van aanhouding voor die verhoor. Die Wet tref nie

sulke fyn onderskeide nie, en tereg, want dit is ongewens om op die borg stadium bevindinge, selfs voorlopige bevindinge, oor skuld te maak.

[13] Dit is nie moontlik vir die borghof om die sterkte van ‘n staatsaak behoorlik te beoordeel nie. Selfs as die saak swak voorkom, kan die vervolging by die verhoor sukses behaal (**S v Mathebula** 2010 (1) SASV 55 (HHA) par [12]). As ‘n appellant kan bewys dat hy waarskynlik onskuldig bevind sal word, sou dit as ‘n buitengewone omstandigheid kan deurgaan (**S v Botha en ‘n Ander** 2002 (1) SASV 222 (HHA) par [21]).

[14] Oor “vlug”-risiko kan verwys word na V.G. Hiemstra, **Suid-Afrikaanse Strafproses**, 3e Uitgawe (1981) op 131 onder die opskrif “Die risiko van ontwyking van die verhoor”:

> “Die mees berugte mistasting by ‘n hof wat wel borgtog toegestaan het, is die geval van Fischer, Transvaal 1966. Die beskuldigde was ‘n advokaat van hoë aansien en integriteit, maar hy het tog sy gegewe woord gebreek. Dit het gekom deurdat hy aanhanger was van ‘n ideologie met eiesoortige etiese standaarde.”

[15] In hierdie geval het appellant nie getoon dat hy waarskynlik vrygespreek sal word nie.

[16] By 'n borg aansoek moet die hof die toepaslike regsbeginsels toepas en by artikel 60(11)(a) 'n waarde-oordeel maak oor of die belang van geregtigheid vrylating op borg veroorloof. Die appèl word beoordeel soos ander appèlle: die hof kyk of daar wanvoorligtings was, of die landdros die feite of die reg verkeerd toegepas het, en of die landdros sy diskresie oor die belang van geregtigheid behoorlik uitgeoefen het.

**GEVOLGTREKKING**

[17] Die misdrywe wat appellant op tereg staan, is ernstig en swaar vonnisse kan opgelê word. Die feit dat die misdade teen die publiek gerig is 'n oorweging wat in ag geneem moet word. Dis nie soos 'n geval van 'n geïsoleerde insident van moord nie. Die publiek as geheel word bedreig. (Vergelyk die uitspraak van Daffue R in **S v Keevy** van 2 April 2013 in hierdie saak.)

[18] Daar is niks buitengewoon aan appellant se persoonlike omstandighede nie. Sy gesonde finansiële toestand - as mens dit kan aflei van sy bates en sakebelange – kon net sowel 'n aansporing wees om te ontvlug as om te bly. Op die beste vir appellant is dit 'n neutrale faktuur. Wat sy mediese toestand betref, is daar geen stawende mediese getuienis nie en geen getuienis dat die Departement van Korrektiewe Dienste nie vir appellant kan sorg nie. Appellant het nie aangetoon dat die saak teen hom so swak is dat dit in die belang van geregtigheid is dat hy op borgtog vrygelaat word nie. Daar is geen basis om met die landdros se bevinding in te meng nie.

**BEVEL**

[19] Die appèl word afgewys.

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens appellant: | Adv Johan Nel<br>In opdrag van:<br>Kramer Weihmann Joubert<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens respondent: | Adv S.N. Abrahams<br>In opdrag van:<br>Direkteur Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp/wm